



## 11 MAART 2018

**09:00 Erediens**

**Peet Crous**

"My God, My God, waarom het U my verlaat?" Matt 27:46

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00 Kleuterkerk**



Almal welkom!

**18:00 Buitelug Aanbiddingsdiens &**

**Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)

← **Onthou asseblief om jou boekie en pen te bring**

**Fay van Eeden**

**19:00 Belydenisklas in A21 (Jeugsentrum)**

Kursus #3: *Wie is ek?* Grootgroep

"My God, My God,  
waarom het U my  
verlaat?"

- Matt. 27:46



LYDENSTYD 2018

5

## 18 MAART 2018

**09:00 Erediens**

**Peet Crous**

"...Ek is dors." Joh. 19:28

**09:00 Kategese Gr 1 – 6** (begin in die kerk)

**09:00 Kleuterkerk**



Almal welkom!

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)

**Fay van Eeden**

**19:00 Belydenisklas in A21 (Jeugsentrum)**

Kursus #4: *Wie is ek?* Grootgroep

### Voorbedding:

Gert Venter, Selrose Park 113, Griffithsstraat 101,  
Equestria, 012 807 3386 – Wilgers Hospitaal.

Pierrette Hamman, Thatcher's Fields 248, Lynnwood,  
076 843 5401 – herstel na operasie.

### Ses-weke-se-gee (Lydenstyd-projek):

Almal in die gemeente, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om tydens lydenstyd elke week iets saam te bring vir 'n goeie doel! Die items, met die projekte wat die skenkings sal ontvang langsaan aangedui, is as volg:

- Lydensweek 1 (18 Februarie): 'n kledingstuk ten bate van die CMR.
- Lydensweek 2 (25 Februarie): Speelgoed (in besonder opvoedkundig) vir Ubuhle Kleuterskool.
- Lydensweek 3 (4 Maart): *Toiletries* vir Wespoort.
- Lydensweek 4 (11 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Wozanibone Skool.
- Lydensweek 5 (18 Maart): Nie-bederfbare produkte vir Harmonie-Oord.
- Lydensweek 6 (25 Maart): Skryfbehoeftes vir Ya Bana.

**Merk** asseblief die produkte **duidelik** wat vir die **Lydenstyd-projek** bedoel is en plaas dit in die wit kas in die portaal. Byvoorbaat baie dankie. U meelewing word opreg waardeer!

# Die week se kalenderaktiwiteite

- Dinsdag:** Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.  
Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.  
Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.  
Bybelstudie 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder oor 'n Reis deur die Josef-verhaal.
- Woensdag:** Gasvryheidsbediening vergader 17:00 (A21).  
Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.  
"Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.  
Kerkraadagenda sluit.
- Donderdag:** Wespoort Paastee 08:30 vir 09:00 (Kerksaal). Spreker: dr. Stephan Joubert. Koste R150 pp.  
Navrae: Dollie Verhage 082 821 5859  
Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord).  
Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.  
Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
- Vrydag:** Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.  
Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of  
Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

**Gesinsdiens: Op 25 Maart om 09:00 hou ons weer Gesinsdiens in die saal – teken asb. die datum aan!**

## Survivorkamp - nee - Amazing Race!

Weens 'n verandering in die skole se programme is ons genoodsaak om die Survivor-kamp te vervang met 'n

### Amazing Race.

**Wanneer:** Vrydag 16 Maart vanaf 16:00 tot 21:00.

**Wie:** alle hoërskooljeug.

**Wat:** Bring al jou kreatiwiteit en energie en trek gemaklik aan. Skryf in voor of op 18 Maart deur jou vorm en R50 by Liani (079 506 4078) of die kerkkantoor in te handig.



## Selfoon-versoek:

Het jy moontlik 'n ekstra selfoon wat foto's kan neem? Kontak Juan 084 588 4948 of Peet 079 893 5572.

## Versoeke vir kontant:

Tans woon daar mense wat haweloos is ons erediens by; hulle is baie welkom! Moet egter asseblief nie vir hulle kontant gee nie. Ons help graag via Maatskaplike-dienste.

## Paint night - 20 Maart om 18:30:

'n Kreatiewe aand vir oud en jonk onder die sterre. Ons gaan saam nagmaal vier waarna ons op 'n informele wyse die betekenis daarvan met verf gaan vasvang. Die koste vir die geleentheid is R100 wat jou eie canvas, alle verfbenodighede en ligte verversings insluit. Bring asseblief jou eie drinkgoed. RSVP asseblief voor of op 18 Maart by die kerkkantoor. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay (083 478 0854) of Liani (079 506 4078).

## Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

 SnapScan

# Kontak van die week: “Wat is in jou hande”

Ons almal ken die verhaal van Moses en as kind het ek vasgenaem voor die televisie gesit om die tekenprent *Prince of Egypt* herhaaldelik te kyk. Alhoewel, elke keer as mens die verhaal weer lees kom iets besonders na vore. Lewende woorde wat steeds baie relevant is tot ons samelewing vandag.

Eksodus 4 begin waar Moses, nadat die Here hom gevra het om die Israeliete te bevry, aan die Here die “wat as” vrae stel, “wat as hulle my nie glo nie” of “wat as die hulle nie luister nie...”

Die Here reageer op Moses se “wat as” vrae met die teenvraag, “wat is in jou hand?”

Dis interessant dat baie male in die Bybel, die vraag wat die Here aan die persoon vra, meer in die belang van die persoon is, as wat dit is dat die Here nie die antwoord ken nie. Die vrae help gewoonlik die persoon om bewus te raak van 'n sekere waarheid. Moses antwoord: “'n Kierie”, of soos die Engelse vertaling dit noem “a staff”.

Die gedeelte lyk eintlik baie lukraak en mens lees amper oor dit in die verhaal, maar wanneer mens van nader na die “kierie” kyk, kom die betekenis na vore dat dit meer as net 'n loopstok was. Dit was 'n herderstok, wat volgens Rick Warren na drie verskillende dinge van Moses kan verwys.

Die herderstok simboliseer in 'n groot mate wie Moses was. Hy was 'n skaapwagter. Dit was sy beroep en het grootliks bygedra tot sy identiteit in die samelewing. Dit verwys ook na alles wat Moses besit, en ook na sy inkomste. Die skape was in daardie tyd 'n skaapwagter se belegging en lewensvoorraad. Die kierie kan derdens gesien word as die invloed wat Moses gehad het. Hy kon met hierdie kierie sy skape om die nek hak en weglei van gevaar af, of hulle in 'n ander rigting instuur, soos hy goeddink. Die kierie wys dus die invloed wat Moses gehad het.

Die Here sê volgende vir Moses “gooi die kierie op die grond” en die oomblik toe Moses sy herderstok voor die Here neergooi, maak die Here dit lewendig. Daar gebeur 'n wonderwerk en die stok word 'n slang! Soveel van die wonderwerke wat volg gebeur ook met hierdie herderstok. Uiteindelik sien ons ook dat Moses tog die Israeliete uit Egipte lei net soos wat die Here aan hom opdrag gegee het. Iets wat hy eers nie gedink het moontlik was nie, het die Here moontlik gemaak en dit met iemand wat eers aan sy eie vermoë getwyfel het en dit dan nog met 'n herderstok bewerkstellig.

Die vraag kan ook aan ons gevra word, wat is in ons hande en wat maak ons daarmee? Hoe gebruik ons die dinge wat aan ons gegee is, wie ons is, ons talente, ons invloed, ons vryheid, ons geleentheid. Ons “herderstok”? Moses word ten spyte van sy eie minderwaardige siening oor homself, steeds deur die Here gebruik tot groot dade en om die Israeliete te lei.

Wat doen ons met dit wat aan ons gegee is? Lê ons dit ook voor die Here neer? Bring ons ook soos Moses die Here se bevryding aan die wat onderdruk is, en stap ons 'n pad saam met mense.

Wat is die staf in jou hande- Identiteit, inkomste, invloed? Wat maak jy daarmee, wat maak ons daarmee...

Groete

Jeanri Bezuidenhout (Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Informatiebank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe

\_\_\_\_\_

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

\_\_\_\_\_

Handtekening \_\_\_\_\_

Datum \_\_\_\_\_

\*\*\* Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za)

## Gemeenskap

**Skolliekamp 2018 - die week van jou lewe! 'n Skoolverlaterskamp vir Graad 11's en 12's:** Hierdie jaar kamp die Noordelike en Oostelike Sinode saam. Ons is baie opgewonde hieroor! Die span bestaan uit verskeie studente, jong werkendes en ervare Skolliekampers. Die kamp bestaan al vir meer as 50 jaar en het al duisende jongmense se lewens aangeraak. Die leraars wat saam kamp vir 2018 is Anandie Greyling (Oostelike Sinode) en Johan Janse van Rensburg (Noordelike Sinode). Jaco Schoeman is ons kampeier vir 2018. Kyk gerus op Facebook of Whatsapp en skryf sommer dadelik in by [www.skolliekampe.org.za](http://www.skolliekampe.org.za).

**Andrew Murray-gemeente** bied 'n Michelle Veenemans-konsert op 16 Maart aan. Meer inligting op die web by [http://api.ning.com/files/oTzSevfJIPomsRfgfG2IKfzFgUDarFekF7W9gol3OD1GKU-uvYSGHIZd143y0nMhEvH4HGj5ERf5i4Wi133ebs\\*Tcg4NpjH/MichelleVeenemans16Maart2018.pdf](http://api.ning.com/files/oTzSevfJIPomsRfgfG2IKfzFgUDarFekF7W9gol3OD1GKU-uvYSGHIZd143y0nMhEvH4HGj5ERf5i4Wi133ebs*Tcg4NpjH/MichelleVeenemans16Maart2018.pdf)

**Te huur:** Opgegradeerde 2 slaapkamer wooneenheid in Lynnwood. Sentraal geleë in veilige en stil omgewing met pragtige tuin onmiddellik beskikbaar. Skakel die eienaar by 084 639 0214 / 074 525 1755 / 012 348 9542.

**CMR Derdepoort:** benodig 'n *Wendyhuus*. Indien u kan help kontak asseblief vir Petro Barnard 012 348 0003.

**Kennisgewingsborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of

e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by [www.tshwane.gov](http://www.tshwane.gov).

Registrasie om te stem (2019): **10 en 11 Maart 2018** ([www.elections.org.za/MyIEC/Account/Register](http://www.elections.org.za/MyIEC/Account/Register)).

